Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

# Die O.B.

5de Jrg. Kaapstad, Woensdag, 8 Mei 1946. No. 24.

# NUWE STRYD EIS NUWE WAPENS

## K.G. OOR TERRORISME

**„'n Nuwe stryd vereis nuwe wapens en waar die nasionalistiese stroom vir die laaste geslag en meer die regte middel was om taal- en kultuurregte te beskerm, daar bring die vraagstukke van verstedeliking — armoede en uitbuiting — dinge wat mense met die sosialistiese lewensbeskouing moet aanpak en verlig, maar dan 'n sosialisme wat in die hart van die volk veranker en dus nasionaal is", het die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg, by geleentheid van die werkersvergadering verlede week op Brakpan gesê.**

Die K.G. het sy toespraak begin deur te verwys na die weiering van die Johannesburgse stadsaal nadat die O.B. verlede jaar daar 'n vergadering gehou het sonder dat 'n klap of 'n vuisslag daar geval het. Maar die volgende dag het Moskou se vyfde kolonne met 20,000 naturelle deur die strate gestap en gedreig om die O.B.-leiers aan lamppale op te hang. Geen haan het egter na hierdie opruiing tot moord en lykskending gekraai nie.

Hierdie jaar, toe ons weer die stadsaal bespreek het, het 'n kommunistiese soldate-organisasie daarteen gedreig. Spr. onderskei tussen hierdie organisasie en die teruggekeerde soldaat. In 'n toespraak in Maart 1943 het hy in Kaapstad die O.B. se standpunt teenoor die soldaat weergegee toe hy gesê het dat die volk uit die naoorlogse chaos op twee bene gaan uitsteier — die Ossewabrandwag en die teruggekeerde soldaat.

Teenoor die terugkerende soldaat, dus, het die Ossewabrandwag alle welwillendheid. Hulle is Afrikaners wat geveg het vir 'n saak waarin ons nie geglo het nie. Ons weer het geveg vir 'n saak wat hulle nie verstaan het nie. Maar albei was Afrikaners.

Maar die terugkerende soldaat is een ding en hierdie Joods-kommunistiese „Springbok-Legioen" van vandag is 'n ander ding. Vir ons is die Springbok-Legioen niks anders nie as die soldate-front van die Kommunistiese Party. 'n Soldatefront van alle kleure en geure.

### TERRORISME

Verlede Septembermaand het hulle die H.N.P. — wat geen vriende van die Ossewabrandwag is nie, maar wat ook Afrikaners is — net so behandel, totdat die polisie hulle uitmekaar geslaan het.

Dit is naakte terrorisme en dit is gemik teen die Afrikaner in sy eie land. Teen alle Afrikaners wat nie die knie vir Baäl of Moskou wil buig nie, maak nie saak of hul O.B., H.N.P. of wat is nië.

Die taktiek van die vyand is duidelik en dit word gebruik teen almal wat nie wil swig nie. Dit is TERRORISME en dit word gemik teen almal wat hulle met die gerieflike woord „fasciste" bestempel. Dit is 'n nuwe gogga wat gebore is uit die oorlogspropaganda en haat. Naamlik dat alle goeie mense

(Vervolg op bls. 2, kol. 1)

# Vergadering op Brakpan 'n Uitdagende Sukses


**Die werkersvergadering wat die K.G., dr. Hans van Rensburg, verlede Dinsdagaand in die Brakpanse stadsaal toegespreek het, was 'n uitdagende sukses. 'n Lang erewag het die K.G. voor die stadshuis ingewag en 'n skare van enige duisende mense het die stadsaal sowel as die eetsaal van die stadshuis volgepak. Ten spyte van openbare dreigemente en geheimsinnige telefoon-skrikroepe het niemand gewaag om steurings te kom veroorsaak nie. Die Ossewabrandwag was egter voorbereid op enige gebeurlikheid. 'n Uitgelese afdeling van die O.B.-wag, ongeveer 500 man sterk, het gereed gestaan om enige vorm van terrorisme die hoof te bied.**

**Dr. P. J. Meyer, Arbeidshoof van die O.B., wat voorgesit het, het verklaar dat hierdie vergadering wat op Brakpan gehou word, bewys is van die krag van die Afrikaners aan die Rand. Brakpan is reeds 'n Afrikanervesting — Johannesburg sal ook nog verower word. Hy het die dank van alle Afrikanerwerkers op die Rand oorgedra aan die stadsraad van Brakpan wat hierdie vergadering moontlik gemaak het.**

Die burgemeester van Brakpan, mnr. J. P. Vorster, raadslede ds. L. S. van der Walt en mnr. J. V. Coetzee het saam met die voorsitter en adv. Johan Vorster op die verhoog plek ingeneem. Laasgenoemde het die vergadering ook korteliks toegespreek.

Die verrigtings is opgeluister deur die vrolike marsmusiek van die O.B.-blaasorkes onder leiding van komdt. Pienaar. Die groot gehoor het onder orkesbegeleiding hartelik en geesdriftig volksliedere gesing.

Onder die aanwesiges is heelwat Engelssprekendes opgemerk.



Die K.G. aan die woord. Van links na regs: Adv. B. J. Vorster, dr. P. J. Meyer, en drie lede van die Brakpanse stadsraad, mnr. J. P. Vorster (Burgemeester), ds. L. S. van der Walt, en mnr. J. V. Coetzee. Die Boerejeuglid op die foto is Tommy Lyons wat die tamboere laat rol het terwyl die K.G. na die verhoog begelei is.

# S.A. SE ENIGSTE OOILAM GEGEE VIR JOHN BULL

**Onderwyl die Unieregering so begaan was oor die voedselposisie van Brittanje dat hy genadeloos allernoodsaaklikste voedselsoorte na Engeland uitgevoer en oproepe daartoe gedoen het, het die Engelse een stryk deur witbrood geëet en was dit nie vir hulle nodig om brood te rantsoeneer nie.**

**„Die mense in Engeland het deur die oorlog witbrood geëet en ons kon net soveel kry as wat ons wou hê," het 'n dame wat pas uit Engeland teruggekeer het, verklaar.**

Slegs 'n paar maande gelede nog het Suid-Afrika duisende Kersfeespoedings na „honger-lydende" Engeland uitgevoer. **Op daardie oomblik het naturelle in Waterberg boomwortels geëet weens hongersnood. En op dieselfde oomblik het genl. Smuts 'n beroep op die volk gedoen om nog meer kos na Engeland te stuur „uit dankbaarheid".**

# Nuwe Personderneming Aanduiding van Skeuring

**Nadat Die Kruithoring, amptelike strydblad van die H.N.P., sedert sy ontstaan vyf jaar gelede deur die Nasionale Pers gedruk is, word daar nou oorgegaan tot die stigting van 'n eie personderneming in die vorm van 'n Kruithoring-maatskappy.**

Waarnemers is dronkgeslaan deur hierdie ontwikkeling. Verklaar word dat dit vreemd voorkom dat 'n politieke party wat in besit is van so 'n magtige pers soos die Nasionale Pers Beperk, dit nodig ag om in Kaapstad, waar die moedertak van die party se personderneming staan, 'n nuwe pers op te rig. As dit op 'n ander plek in die Unie opgerig sou gewees het, was dit nog verstaanbaar, maar nou kom dit uiters vreemd voor.

Al verklaring wat daaraan gegee kan word, so word verklaar, is dat die gerugte omtrent 'n dreigende skeuring in die H.N.P.-leiding oor die kwessie van samewerking met die Ossewabrandwag, 'n harde werklikheid is, en dat die beroepspolitici wat dreig om weg te breek indien daar aan die meerderheidseis van die koukus toegegee word, vroegtydig voorbereidsels tref om 'n eie pers te hê die oomblik as tot hierdie stap oorgegaan word.

Dit is naamlik ook bekend dat sommige van die sterkste lede in die direksie van die Nasionale Pers voorstanders van samewerking is, sodat die voornemende skeurders bewus is dat die Nasionale Pers by so'n ontwikkeling sy steun aan die volksfront sal gee.

## DOOIEPUNT IN PARYS


**Politieke waarnemers in Parys meen dat 'n dooiepunt die konferensie van buitelandse ministers bedreig omdat die „bondgenote" nie eens kan word oor die vredesverdrag met Italië nie, berig Sapa-Reuter. Rusland eis seggenskap in die Italiaanse kolonies in Afrika sowel as Triëst vir Suid-Slawië. Die Amerikaners en die Britte dink anders.**

# „Minder" Drasties Vir Hulle

**Een van die jongste pogings van die partypolitieke bewind om brood „eweredig" tussen die volk te verdeel, is 'n noodregulasie wat die gewig van brood tot 29 onse beperk in plaas van die normale 32 onse.**

**Weens die afwesigheid van 'n behoorlike rantsoeneringstelsel beteken dit dat die bevoorregte vaste klandisie van die broodwinkels nou 3 onse per dag minder brood sal ontvang. Die voorpunt van die duisende in die broodtoue sal darem net 1½ onse minder kry — hulle kry sedert lankal nie meer as 'n halwe brood, d.w.s. 16 onse op 'n slag te koop nie.**

**So kom die regering die onbevoorregtes darem ook af en toe tegemoet!**




Handelsnavrae: INTERNASIONALE KOPERS (EDMS.) BPK., Posbus 3180 - - - KAAPSTAD

# VERGADERING OP BRAKPAN

(Vervolg van bls. 1, kol. 5)

glo „demokrate" is en alle slegte mense glo „fasciste" is. En met hierdie gogga jaag hulle die gepeupel op hol.

As oud-geïnterneerdes, wat jare lank sonder aanklag of verhoor in konsentrasiekampe gesit het, bymekaar wil kom om hul duurverworwe kameraadskap te bestendig en terwille van onderlinge hulp en ondersteuning in die poging om weer 'n nuwe lewe vir hul vrou en kinders te maak, dan skreeu hierdie lakeie van Moskou „fascisme" en wil hê die samekoms moet belet word . . . in die naam van demokrasie!

### MYNWERKERS

As mynwerkers wil stem oor hul eie aangeleenthede en deur een of ander noodregulasie belet word en derhalwe tot staking oorgaan en hul lone moet inboet solank as hulle staak — dit alles net om die stemreg in hul eie Vakbond te erlang — dan skreeu hierdie lakeie van Moskou „fascisme" en die stemmery moet glo belet word . . . in die naam van „demokrasie"!

As Afrikanerwerkers die „vermetelheid" het om op 1 Mei bymekaar te wil kom sonder dat hulle in die Shangaan- en Bapedi-marskolonnes van die kommuniste wil stap . . . dan skreeu hierdie ontstamde en dikwels gehuurde lakeie van Moskou „fascisme" en die Afrikanerwerkers moet belet word . . . in die naam van „demokrasie"!

**Elkeen wat nie die knie wil buig vir Baäl en Moskou nie . . . die moet belet word, in die naam van die demokrasie. En die eintlike doodsonde in Suid-Afrika in die oë van die kommunistiese handlangers is . . . om Afrikaner te wil wees, veral Afrikaanssprekende Afrikaner!**

Maar nie net die kommuniste nie, ook die jingoes, wou hierdie Ossewabrandwag-vergadering laat belet . . . in die naam van die Demokrasie!

### OOPSLAAN

Die Ossewabrandwag volg nie die taktiek om ander mense se vergaderings op te breek nie. Nie met geweld nie en nie met fluisterveldtogte nie. Maar hy gaan nie duld dat die gepeupel sy vergaderings opbreek nie. **As die gepeupel jou met geweld wil oorrompel en keer, dan is daar net een van twee keuses: òf jy moet hensop, òf jy moet die pad oopslaan.**

**Diegene wat die Ossewabrandwag van die laaste ses jare ken, weet watter keuse om van hom te verwag!**

**Die Ossewabrandwag het in die afgelope ses jaar nie ondergegaan nie omdat hy die draer van 'n nuwe en 'n lewensnoodsaaklike gedagte in die volksiel is, het die K.G. voortgaande gesê. Ons taak laat eenvoudig nie toe dat ons die onderspit moet delf nie omdat die voortbestaan van die Afrikanerdom van die groei en die bloei van daardie gedagte afhang. Totdat hy in die breë lae van die volk ingeslaan het, kan niks ons ten onder bring nie.**

In sy meer as honderdjarige stryd teen die Empire in Suid-Afrika het hierdie volk van ons sterk nasionaal-bewus geword . . . **en Goddank daarvoor, anders was ons vandag nie meer 'n nasie nie.** Maar mettertyd het daar 'n tweede vyand — die tweelingbroer van die imperialisme — op die toneel verskyn: die kapitalisme. En teen die kapitalisme het die volk geen besondere front gehad nie. Hy kon maar net ook teen hom die nasionalisme toon. **Maar die was nie genoeg nie, want die kapitalisme was nie soseer 'n kwessie van taal en Republieke nie.** Die kapitalisme was internasionaal; taal het hom nie gehinder nie, want hy ken net een taal en dit is dividende; en sy hele alfabet bestaan uit drie letters „£.s.d." en teen hom was die nasionalisme nie opgewasse nie, want hulle het aan mekaar verbygepraat. Maar hy het as bondgenoot van die Empire die nasionalisme in die rug aangeval.

### KON NIE WEN

**Die nasionalisme, selfs onder die grootste leiding van 'n generaal Hertzog, kon die stedelike werker nie wen nie — altans nie voldoende wen nie. En die sosiaalgesinde party — die Arbeiderparty — kon die plattelandse werker en boer nie wen nie, selfs nie onder 'n ereman soos Kolonel Creswell nie.**

**Maar in 1924 het die nasionalisme van die Afrikaner en die sosialisme van die Arbeiders mekaar die hand gereik, al was dit maar in die vorm van 'n koalisie, of Pakt, en toe eers het hulle die gesamentlike vyand verslaan. Alleen kon geen van beide dit regkry nie.**

**En dit is waar die Ossewabrandwag die draer van 'n nuwe gedagte in die Afrikanerdom is.**

**Uit die eie Afrikanergeledere het 'n Volksbeweging gekom wat wel fanaties nasionaal is maar wat tewens deurdrenk is van die sosiale besef dat elkeen die hoeder van sy broeder is.**

Die nasionale vasberadenheid van die Ossewabrandwag hoef ek nie te beklemtoon nie. Dit hoef u nie vir die O.B.-sprekers te vra nie. Dit kan u gaan vra vir die konsentrasiekampe van die Empire in hierdie oorlogsjare van Afrikanervervolging.

### WAS HOEDER

Maar dit het by ons nie by sentimentele nasionalisme gebly nie. **Ons het ook die sosialistiese drang dwarsdeur ons geledere gehad.** En weer is dit onnodig om die O.B.-sprekers te gaan vra of die Beweging as die hoeder van sy broeder opgetree het in hierdie jare van Afrikanervervolging. **Gaan vra vir die moeders en die kindertjies wat deur die Noodhulpfonds van die Ossewabrandwag deur hierdie lange jare aan die lewe gehou is. Hulle sal u die antwoord kan gee.**

**'n Nuwe stryd vereis nuwe wapens en waar die nasionalistiese stroom vir die laaste geslag en meer die regte middel was om taal- en kultuurregte te beskerm en die siel van die Afrikanerdom te red, daar bring die probleme van verstedeliking en industrialisering dinge mee — armoede, viktimisasie, uitbuiting van die werker, en wat dies meer sy — dinge wat met taal- en kultuurkwessies 'n baie geringe verhouding het, wat mens met die sosialistiese lewensbeskouing moet aanpak en verlig. Maar sosialisme wat nie in die hart van die volk veranker is nie, speel in die hande van Moskou.**


### SWIG OF SKEUR

Die organisasie of beweging wat die werker se belange wil behartig moet deur en deur nasionaal wees, anders gaan hy swig voor die opkomende golf van nie-blanke kommunisme. Of, natuurlik, as hy nie swig nie dan splits hy in sy twee vleuels, blank en nie-blank. Die beste bewys het u nou net enige weke gelede gehad toe die Arbeiderparty uitmekaar gespat het oor die Indiërkwessie. Die gesonde blanke instink het die een seksie teen die Indiërmaatreël gedryf. Die kommunistiese „Kaffer, Moor en Indiaan"-neigings van die ander het hulle — wetend of onwetend — teen die blanke gedryf en die Arbeidersparty is uitmekaargeskeur **omdat hy nie in sy grondslag nasionaal was nie.**

Maar in die loop van die laaste ses jaar het **daar op 'n groot skaal, dwarsdeur die land, en met diepe besieling 'n besef van die lewensnoodsaaklikheid van die sosiale lewensbeskouing in die Afrikanerhart ontwaak en die draer van daardie sosiale leerstellinge, wat die Afrikaanssprekende Afrikaner betref, was die Ossewabrandwag.**

Sommige sal dit noem 'n sosiale nasionalisme; ander sal dit noem nasionale sosialisme . . . en vir ons kom albei op dieselfde neer, want vir ons is die benaming DIE OSSEWABRANDWAG.

Met woord en daad het die Ossewabrandwag bewys dat hy die draer is in die Afrikanervolk se sosialisme wat in die nasionalisme veranker is — veral met die daad! — en omdat ons die draer van 'n nuwe gedagte in hierdie volk geword het kan ons nie ondergaan nie . . . **en ons gaan ons nie van kommunistiese afskrikking laat keer nie.**



Die K.G. word deur waggeneraal Richter na die verhoog begelei.

## Hongersnood

**Die grootste deel van die Duitse bevolking sal in die komende maande nie in staat wees om bokant die hongerpeil te leef nie, aldus 'n verklaring uitgereik deur die besettingsowerheid. Die amptenare het tot hierdie gevolgtrekking gekom nadat daar 'n opname van die totale voorraad voedsel gemaak is. Die hongersnood en gebrek aan toereikende hoeveelheid voedsel in Duitsland, het gemaak dat Berlyn vandag die grootste swartmark in voedsel in die hele Duitsland is. Brood kos op hierdie mark net mooi £2 stuk, botter kan gekoop word teen £5 per pond en koffie teen £2 per pond.**

Teken in op Die O.B.


# Die Kopersbond Beperk

(Geregistreer onder die Maatskappywet 1926)

* * *

*Hierdie is nie 'n prospektus nie maar 'n aankondiging dat ons nominale kapitaal nou verhoog is na*

**£1,000,000**

* * *

KOPERSBOND bied aan:

1. Veiligheid vir u belegging.
2. Verspreiding van u belegging.
3. Goeie diwidende.

* * *

*Met die verhoging van Kapitaal word 50,000 „B" aandele van £5 elk aangebied.*

* * *

DIREKSIE:

DR. F. J. KRITZINGER
DR. J. H. PIENAAR
DR. F. F. BORCHARDT
J. N. B. SCHABORT
G. T. ROBERTSON
DR. C. J. S. STRYDOM
J. J. ACKERMANN
DR. H. J. LUTTIG
DR. F. D. DU TOIT-VAN ZYL

*Skryf dadelik om prospektus aan:*

*DIE SEKRETARIS*

# Die Kopersbond Beperk

POSBUS 8363 JOHANNESBURG

# Polisie Moet Bakkerye Teen Hongeriges Beskerm

**Gewapende polisie bewaak tans die bakkerye in die stede wanneer daar tou gestaan word.**

**Kleurling- en blanke vroue het verlede week uit wanhoop na dae lange vrugtelose toustaan in 'n poging om brood in die hande te kry, een van die broodkarre in Kaapstad bygeloop en hulleself gehelp. Voordat iemand kon optree, het hulle hul uit die voete gemaak en verdwyn met hul kosbare buit.**

Hierdie vroue moet elke dag toustaan om brood in die hande te kry en nadat hulle ure tougestaan het moet hulle met leë hande omdraai en aan hul hongerige kinders tuis vertel dat daar geen brood te vind is nie.

Dat duisende persone in die land van dag tot dag sonder brood moet klaarkom is te wyte aan die laksheid van die regering om 'n voldoende stelsel van gelyke distribusie en rantsoenering in die lewe te roep, nadat hy voedsel op groot skaal die land uitgestuur het. Onder die huidige stelsel van bevoorregte rantsoenering deur die handelaars self, kry net vaste klandisie wat op 'n maandelikse rekening koop, brood.

Op die mobiele mark in Ebenezerweg, Kaapstad, het 'n aantal kleurlingvroue die voorraad eetware stormgeloop en die kos en geld wat daar op die tafels was, geneem. Die oorsaak van die stormloop was te wyte aan die feit dat daar nie meer rys te koop was nie. Hulle het die beamptes met stokke toegetakel.

### RANTSOENERING


Die regering het besluit om die beheer oor die distribusie van voedsel aan die Minister van Finansies oor te dra en om 'n beperkte rantsoeneringstelsel in die lewe te roep. Volgens Die O.B. verneem geskied laasgenoemde glo op aandrang van die Internasionale Voedselbeheerorganisasie, wat andersins sou weier om enige voedsel aan die Unie te lewer.

### SAK UIT

**Naturelle wat werknemers is in die boubedryf kom dikwels ure laat by hulle werk omdat hulle elke oggend moet toustaan om hulle brood te bekom. In die meeste gevalle, het 'n blanke opsigter ons meegedeel, kom hulle met leë hande by die werk aan. Hulle werk die hele dag sonder om iets te eet. Daar is elke dag naturelle in hierdie bedryf wat uitsak en nie die harde arbeid kan doen nie omdat hulle op 'n leë maag moet werk.**

Hierdie naturelle het vroeër almal van mieliemeel geleef, maar nou dat daar feitlik geen meel te kry is nie, moes hulle hul toevlug neem tot brood. Ook dié is hulle nou ontneem omdat die regering nie toesien dat elke lid van die bevolking sy regmatige deel voedsel kry nie.

Al manier om hierdie probleem van ongelyke voedseldistribusie op te los, is dat die regering 'n stelsel van rantsoenering van al die beperkte voedselsoorte instel. Op die oomblik is daar geen aanduiding dat hy van plan is om iets in werking te stel nie ondanks die advies van 'n Britse sir.




WAARDE VIR GELD

# Reorganisasie In Caledon

## Mnr. Kootjie Viljoen word Hoofkommandant

**By geleentheid van 'n voltallige reorganisasie-vergadering van die manne- en vroue-kommando's van Caledon het hoofgenl. Max Smuts die hartlike dank en gelukwensing van die hoofkwartier oorgedra aan die vroue van hoofkommandantskappe A4c en A4d vir die skitterende reëlings tydens die onlangse K.G.-vergadering op Caledon. Sonder 'n enkele haakplek — wat van knap organisasievermoë getuig — het die vroue op smaakvolle wyse aan meer as 200 mense kos bedien.**

**„Ek het nuwe respek vir die vroue gekry," het die generaal gesê. „Nie alleen het hulle geantwoord toe ons geroep het nie, maar deur hul flinke optrede het hulle die O.B. in die oë van vriend en vyand groot eer aangedoen.**

Genl. Smuts het ook met waardering gewag gemaak van die prestasie van die Greytonse veldkornetskap wat onlangs 'n aangename en geslaagde braaivleisaand georganiseer het. Meer as 300 mense het by die geleentheid, onder beskerming van die O.B. in gesellige broederskap verkeer.



Hoofgenl. Max Smuts.

### HOOFKOMDT. VILJOEN

**Hoofgenl. Smuts het aangekondig dat hy, in oorleg met genl. Swart wat in bevel van die afdeling is, die bevordering van mnr. Kootjie Viljoen van Middelplaas tot hoofkommandant van die Botrivier- en Caledon se kommando's wil bekendmaak. Hierdie aanstelling is met geesdriftige byvalsbetuiging deur die aanwesige offisiere begroet.**

Hoofkomdt. Viljoen het in 'n paar gepaste woorde sy aanstelling aanvaar en beloof om die Volksbeweging en die eenheidstrewe van die volk na vermoë te dien en te bevorder. „As al my offisiere my roep, het ek geen ander keuse as om te kom nie," het hy gesê.

### KOMDT. DELPORT

Die reorganisasie van die kommando's is daarna afgehandel onder leiding van die Voorligtingsoffisier, hoofkomdt. W. R. Laubscher.

Nadat die kommando-raad behoorlik saamgestel is, het die raad mnr. Faan Delport van Hammansdal aanbeveel as kommandant en opvolger van Oom Piet le Roux van Caledon wat sedert die groot skeuring onder uiters moeilike omstandighede die vaandel van die O.B. gedra het. Die aanbeveling is goedgekeur en mnr. Delport het die aanstelling aanvaar.

### WAARDERING

**Komdt. Delport het met waardering melding gemaak van die troue dienste wat oudkomdt. Le Roux aan die volksbeweging gelewer het. In moeilike dae het hy die fort vir die O.B. gehou. Vir sy dienste wil ons Oom Piet nie alleen bedank nie, maar ons wil hulde aan hom bring.**

Oom Piet het die slagoffer geword van die plaaslike H.N.P.-propaganda. Ons betreur dit ten seerste. Aan oom Piet wil ons net sê dat die O.B. nie sy mede-Afrikaners in die stryd verlaat of in die steek laat nie. Ons staan by ons vriende, het die kommandant besluit.

Komdt. Delport het voorts gesê dat hoewel Oom Piet aftree as kommandant, die kommando nogtans sy dienste nie kan ontbeer nie. Daarom word Oom Piet gekoöpteer op die kommando-raad.

**Mnr. Piet le Roux het verklaar dat s.i. die sosiale strewe van die Afrikanervolk gaan wen. Die O.B. is die sosiale beweging van die Afrikaner. Dit is elke Afrikaner se plig om alles in sy vermoë te doen ter bevordering van hierdie ideaal. Hy sal die nuwe kommandant op die raad behulpsaam wees na die beste van sy kragte.**

### DIE VROUE

Na afhandeling van die reorganisasie van die mans-kommando het die vroue aan die beurt gekom. Mev. Manie de Wet is weer tot kommandante benoem. Mevv. Viljoen en Delport is gekoöpteer op die kommando-raad.

Die vroue is reeds ywerig aan die werk om fondse in te samel vir 8 Augustus.

### DIE KRUITHORING

Na aanleiding van komdt. Delport se verwysing na die H.N.P.-propaganda wat teen Oom Piet gemaak word, herhaal ons wat Die Kruithoring van 20 Maart geskryf het ten aansien van die tussenverkiesing in Caledon: :

„'n Aantal O.B.'s het Sap gestem en vir die Sap-kandidaat gewerk."

„Die O.B.-hoofkommandant self het aktief die Sappe gehelp. Hy is 'n sekere mnr. Piet le Roux."

**Hoofkomdt. W. R. Laubscher, wat tydens die tussenverkiesing self in Caledon was, het aan Die O.B. verklaar dat hierdie twee bewerings albei onwaar is. Hy het gesê: „Geen O.B.-lid het vir die Smuts-kandidaat gestem of gewerk nie. Oom Piet le Roux het beslis nie vir die Smuts-kandidaat gewerk nie. Hy het ook nie vir hom gestem nie."**

# Uit Die Week se Nuus

WOU MACARTHUR VERMOOR. — Die Amerikaanse owerheid in Japan het ontdek dat daar 'n plot deur Japanners gesmee is om genl. MacArthur wat sedert Augustus 1945 opperbevelhebber van die land is, om die lewe te bring. Die moord sou plaasgevind het gedurende 'n Kommunistiese parade. Die leier van die komplot is in hegtenis geneem.

KOMMUNISTE LEI NEERLAAG. — Die regsgesinde Christelike Sosialistiese party het 'n groot oorwinning oor die kommuniste behaal in die onlangse verkiesing van distriksrade wat in die Amerikaanse besettingsgebied van Duitsland gehou is. Die Christelike Demokrate het 1,652 setels verower terwyl die Kommuniste slegs 138 setels verower het. Die ander partye het altesaam 198 setels verower.

**DUITSERS EN JODE HANDGEMEEN.**—Vyf-duisend mense, Duitsers en Jode, was verlede week handgemeen in die strate van Diessen, Duitsland. Amerikaanse troepe moes die geveg opbreek. Niemand is gedood nie. Die geveg het ontstaan weens 'n gerug dat die Duitsers 'n paar Jode wat in die nabyheid in 'n kamp gehuisves is, vermoor het.

TEEN HONGER DUITSERS. —Die Amerikaanse besettingsowerheid in Duitsland het 'n nuwe polisiemag op die been gebring met die oog op moontlike onluste deur die Duitsers as gevolg van die hongersnood. Die polisie bestaan uit kolonnes pantsermotors en jeeps met masjiengewere. Hulle is oor die hele land versprei.

NATURELLE EIS REGTE. — **Die Adviserende Naturelle Raad wat onlangs in Kaapstad vergader het, het geëis dat dieselfde regte wat aan Indiërs toegestaan is om grond in die afgebakende „vrye" gebiede aan te koop, ook aan hulle toegestaan moet word. Hulle het aangevoer dat die naturel die kind van hierdie land is en dat hulle meer reg het op Suid-Afrika as die Indiërs. Daar is ook beswaar aangeteken teen die paswette.**

VERSLAG OOR STAATSDIENS. — Die verslag van die kommissie van ondersoek na die toestande in die staatsdiens is nou aan die waarnemende Eerste Minister oorhandig. Dit sal later aan die kabinet voorgelê word vir goedkeuring. Die kommissie het met hierdie ondersoek in September 1944 begin.

UITGEMAAKTE SAAK. — Volgens die mening van 32 Geallieerde korrespondente wat die verhoor van die Duitse leiers in Neurenberg van die begin af gevolg het, is dit seker dat Herman Göring en Kaltenbrunner die doodstraf opgelê sal word. Hulle meen ook dat Hess, Von Ribbentrop en Rosenberg die doodstraf sal ontvang.

**Wees Kieskeurig**

en drink alleenlik WYNE, BRANDEWYNE en LIKEURS ongeëwenaard in elke opsig. Trakteer u en u vriende op die bekende EXCELSIOR-drankies. U sal die besondere geur en die onoortreflike kwaliteit daarvan geniet. — Navrae vir pryslyste aan:

**Excelsior Wynmakery**

POSBUS 1 — TELEFOON 902
Telegr.: „EXCELSIOR"
Vlakteplaats-Stasie, K.P.

**SKILFERS**



MOENIE
U AANTREKLIKHEID
BEDERF NIE

Raak ontslae van daardie lastige skilfers deur middel van VOORSLAG-SKILFERMIDDEL
4/- Posvry van
VOORTREKKER-APTEEK
Kerklaan — Kaapstad (1)
en MAITLANDSTRAAT, BLOEMFONTEIN

**Nou is u kans!!**

om die jongste
Afrikaanse Klankrolprent

**Pinkie se Erfenis**

wat oral besonder groot byval vind, te sien!!

'n Uitmuntende voorprogram word ook aangebied. Neem u kans waar en bespreek u plek dadelik! Die land word tans met drie toer-eenhede bereis.

TOERPLAN:
MAANDAG, 13 MEI:
NIEUWOUDTVILLE, GROOTBRAKRIVIER, WILLISTON
DINSDAG, 14 MEI:
VAN RHYNSDORP, MOSSELBAAI, CARNARVON
WOENSDAG, 15 MEI:
NUWERUS, ALBERTINIA, LOXTON
DONDERDAG, 16 MEI:
BITTERFONTEIN, HEROLD, VICTORIA-WES
VRYDAG, 17 MEI:
GARIES, GEORGE, MURRAYSBURG
SATERDAG, 18 MEI:
KAMIESKROON, KNYSNA (en middag) RICHMOND

DIE O.B., WOENSDAG, 8 MEI 1946.

# LINKS OF REGS

Die oorweldigde lande word vandag opnuut begiftig met die „demokrasie". Dit was dan glo eintlik die doel van die oorlog — tensy die vanselfsprekende aanvaar word dat hierdie geskenk aan die verowerdes gegee word met dieselfde simpatie as wat die partystelsel aan die verowerde Boererepublieke gegee is as pand van hul ondergeskiktheid. As die ywer in ag geneem word waarmee die Geallieerdes die Duitse volk 'n paar weke ná die wapenstilstand beweeg het om politieke partye te stig, onderwyl hul neefs in Suid-Afrika nog nie eens toegelaat was om 'n besoek van 'n elfjarige seuntjie te ontvang nie, is geen verdere argumente nodig om te bewys dat die doel van die parlementêre demokrasie aan die verslaande vyand 'n poging is om hom kragteloos te maak nie.

Maar wat die oorwinnaars blykbaar vergeet, is dat die parlementêre demokrasie se dae verby is. Jy kan 'n grysaard 'n rokkie aantrek en hom in 'n kindergarten opsluit, maar jeugdig sal jy hom daardeur nie maak nie. Die praktyk bewys dan ook vandag in Europa dat die parlementêre demokrasie daar nie as kind begin nie, maar as 'n bewende grysaard. In Italië, waar die parlementarisme in 1922 gesterf het, toe hy sy volheid met sewentien partye bereik het, begin die parlementarisme nou nie met twee partye, sy Majesteit se regering en sy Majesteit se opposisie nie, maar met SESTIG. Hy begin dus waar hy sou gewees het indien chaos nie reeds by sewentien ingetree het nie. By sestig moet demokratiese Italië dus vandag reeds polities gestorwe wees.

**DIE ERFGENAAM**

In 1922 het Mussolini sy vaderland gered van die enigste logiese erfgenaam van die parlementarisme — die kommunisme. Sal daar hierdie keer weer 'n redder wees, of gaan die Westerse demokrasieë die ramp probeer verhoed met wapengeweld soos hulle in Griekeland gedoen het en nog doen? Dan behoort hulle te besef dat dit uiteindelik net op 'n gedugter oorwinning vir die kommunisme sal uitloop, want met geweld kan jy die demokrasie nie handhaaf nie — nie wanneer hy al 'n lyk is nie.

Die bolsjewistiese kombinasie besef ook vandag dat in 'n land soos Spanje, waar hul hordes in 1938 deur genl. Franco se regsgesindes teruggeslinger is, daar net een uitkoms sal wees indien Franco onttroon sou word: bolsjewisme. Want ook in hierdie land het die parlementêre demokrasie al so lank as twintig jaar gelede gesterf aan ouderdom.

Met 'n veelheid van partye loop die parlementêre demokrasie uiteindelik uit op magteloosheid — die kraambed van die kommunistiese diktatuur. Lenin se advies aan sy volgelinge was naamlik om te wag totdat die demokratiese partye mekaar lam lê en dan toe te slaan — lam lê soos nou in Suid-Rhodesië, waar dié „regering" in die minderheid is en onmoontlik kan regeer. Want namate die opposisieparty sterker word, word die regeringsparty swakker totdat 'n stadium bereik word wanneer nie een te midde van 'n veelheid van partye kan regeer nie. Dit was so in Italië met sy sewentien partye, dit was so in Duitsland met sy ses-en-veertig partye, dit was so in Frankryk met sy weeklikse kabinetskrisisse kort voor die uitbreek van die oorlog, en dit was so in elke Europese land. As daardie stadium bereik word, staan daar net 'n regse omwenteling, d.w.s. 'n sosiale nasionalisme tussen volksbestaan en rooi ondergang.

**ONS KEUSE**

Gaan die nasionale Afrikanerdom met al hierdie historiese getuienis voor hom verder verdeeld staan terwille van die „demokratiese" lyk, of gaan ons betyds 'n beter volksregering bring in die plek van die sterwende parlementarisme?

Daar hoef geen formules vir eenheid gesoek te word nie. Ons het klaar 'n grondslag in die ontwerpgrondwet van die Eenheidskomitee wat in 1941 deur alle groepe aanvaar was. Laat ons dit in die praktyk bring deur dadelik oor te gaan tot die vorming van 'n volksfront wat die huidige partybewind kan verslaan wat deur sy wanbestuur meer en meer goeie Afrikaners na die kommunisme dryf.

**Voor die sterfbed van die parlementarisme staan net twee erfgename — die kommunistiese diktatuur en die volksgesagstaat. Die keuse van die wêreld en ons land vandag is links of regs. En of ons onder „regs" verstaan 'n partylose volkstaat met volmag aan 'n verkose president soos die ontwerpgrondwet en die Ossewabrandwag dit wil, en of daaronder verstaan word 'n regering wat „geruime tyd volmag moet hê," soos dr. Malan wou, aan die feit van die keuse verander dit niks. Ons sal hiervoor moet KIES, of ons sal voor die diktatuur van die kommunisme moet swig.**

**LUGDIENS NA ENGELAND.** —Die Springbok-Lugdiens tussen Suid-Afrika en Engeland wat tans tweekeer per week plaasvind, sal aan die einde van die jaar verander word na 'n daaglikse lugdiens. So 'n kaartjie kos vandag meer as £140.

**VERBOD OP VERBROEDERING:** Die Amerikaanse opperbevelhebber van die troepe in Berlyn het sy soldate verbied om in die openbaar hand aan hand of ingehak met 'n Duitse meisie te stap. Hy het hulle ook gewaarsku teen die hou van groot partytjies.

## NIE ADJUNK-K.G.

Verlede week is berig dat genl. J. A. Smith 'n vergadering op 15 April in Pretoria-Moot toegespreek het. Dit moes gewees het genl. M. M. Smith, organiserende offisier in Gebied F.

**FASCISTIESE LIEDERE IN KERKDIENS:** Tweehonderd jongelinge wat hulself „herleefde Fascistiese studente" noem, het gedurende 'n kerkdiens in San Carlo begin om Fascistiese liedere te sing. Niemand het hulle probeer verwyder nie. Hulle het al singende van die kerk af marsjeer.

# GEVAARTEKENS IN VERRE OOSTE

**(Deur Dr. J. A. WIID)**

**Die wêreldgebeure van die afgelope week is nog nie van so 'n aard dat dit die na-oorlogse wêreld vroliker en optimistieser stem nie. Nie hoopvolle optimisme nie maar droewige pessimisme staar die leser in die gesig as hy die buitelandse en binnelandse nuusberigte van die koerante lees. Na-oorlogse vraagstukke — en hierdie vraagstukke het nie alleen in die oorlog hul oorsprong nie — toon nog steeds die neiging om meer, moeiliker en gevaarliker te word. Op die oomblik vergader die ministers van buitelandse sake van die Verenigde State, Brittanje, Rusland en Frankryk in die Franse hoofstad om oor vredesbepalings te beraadslaag. Soos die vergaderings van die nuwe Volkebond (V.V.O.) word ook die Paryse besprekings deur diepgaande agterdog en verdeeldheid, veral tussen Angel-Saksers en Russe, gekenmerk. Oor Palestina en Joodse immigrasie in daardie land het die Brits-Amerikaanse kommissie van ondersoek 'n eenparige verslag uitgebring met aanbevelings wat ernstige verset in die Arabies-Mohammedaanse wêreld uitlok. Uit Iran trek die Russiese soldate wel terug maar nie sonder belangrike Iraniese konsessies en toegewings in hul besit nie. In Indië word die rus en vrede nie alleen van die Indiërs nie bedreig deur 'n landwye hongersnood en 'n onafhanklikheidstrewe wat 'n kritieke stadium bereik het. In Londen vergader die dominiums se eerste ministers; die ontwikkelings van 'n gesamentlike buitelandse beleid vir die Ryk sou die vernaamste nommer op die program wees en as die Unie se eerste minister hom teen formele en onbuigsame Ryksbande verklaar dan sou hy volgens die leier van die opposisie in Suid-Afrika „slegs die skyn bewaar." Orals dus agterdog, haat en wraak in hierdie ou wêreld van ons wat so diepgaande deur die oorlog ontwrig, deur 'n ongekende hongersnood geteister en deur 'n wraakvrede bedreig word. Orals in die wêreld is daar volop gevaartekens waarvan ook die Verre Ooste sy kwota het.**

**ERFGENAME VAN JAPAN**

Met die militêre vernietiging en die ekonomies-industriële uitskakeling van Japan uit die wêreldhuishouding en veral uit die ekonomiese huishouding van die Verre Ooste, is toestande met groot toekomsmoontlikhede en ook toekomsgevare geskep. Dit is bekend dat die Verre Ooste meer mense as die res van die wêreld het. Die geskiedenis het bewys gelewer dat die wekroep: **Asië vir die Asiaat**, groot bekoorlikheid vir die Oosterling besit en die jongste gebeurtenisse in Indië en Indonesië bevestig dit. Die vinnige opkoms van Japan gedurende die laaste honderd jaar het ons geleer waartoe die Oosterling in staat kan wees.

Die Westerse moondheid wat om politieke, strategiese en veral om ekonomiese redes die meeste in die Verre Ooste geïnteresseerd is, is waarskynlik die V.S.A. Dit is dan ook hoofsaaklik Amerikaanse wapens wat die militêre mag van Japan vernietig het en wat die Japanse magsposisie en leierskap in die Verre Ooste uitgeskakel het. Met die uitskakeling van Japan het die lastige vraag oor wie sy erfgename gaan wees, dadelik ontstaan. Wie gaan die leiding in die Verre Ooste neem?

**V.S.A. OF SOWJET-UNIE?**

In sy langdurige stryd met China het Japan nie daarin geslaag om die Chinese reus ten onder te bring nie. Sonder Westerse veral Amerikaanse hulp is dit egter hoogs twyfelagtig of China die militêre stryd teen Japan sou oorleef het. Op grond van sy militêre oorwinnings en sy industriële oormag is die posisie van die Verenigde State van Amerika in die Verre Ooste vandag besonder sterk. In hierdie opsig het Amerika nie alleen Japan nie maar ook Brittanje se plek ingeneem. Die teenswoordige Amerikaanse bedrywighede in China, Japan en in die Stille Oseaan laat hieroor geen twyfel nie.

Soos in Europa en Afrika het die Angel-Saksers ook in die Verre Ooste met 'n nuwe konkurrent te doen gekry. Hierdie konkurrent is Sowjet-Rusland. Waar die Russiese magsposisie in die Weste hoofsaaklik die resultaat van eie militêre prestasies is, daar is sy magsuitbreiding in die Verre Ooste die gevolg van die sukses van die Amerikaanse wapens teen Japan. Die Russiese Beer is blykbaar nie bereid om van sy eie gunstige posisie in die Verre Ooste afstand te doen nie en Amerikaanse oppermag in China en Japan sonder meer te erken nie. Soos in Europa is daar ook in die Verre Ooste toestande besig om te ontwikkel wat die wêreldvrede weereens in gevaar kan bring. Dit moet nie uit die oog verloor word nie dat die oorlog teen Japan vir Amerika meer goedere en bloedoffers gekos het as die oorlog in die Weste en dat die V.S.A. op grond hiervan en om die handelsmoontlikhede wat die Verre Ooste vir sy nywerhede bied, minder bereid sal wees as in die Weste om aan Russiese magsuitbreiding toe te gee.

**V.S.A. WEN EERSTE RONDE**

Dit is sonder twyfel grotendeels met die oog op Rusland dat die Verenigde State vandag soveel aandag aan die binnelandse politieke en militêre aangeleenthede van China wy. Soos bekend het Chinese kommuniste die wêreld vir die Chinese regering moeilik gemaak. 'n Nuwe Chinese burgeroorlog waarin Rusland en Amerika gewikkeld kon word, was glad nie uitgeslote nie. Dit is om Chinese binnelandse vrede te bewaar dat Washington so 'n belangrike persoon as genl. George Marshall, die afgetrede hoof van die Amerikaanse Generale Staf, as buitengewone gesant na China gestuur het. Dit sou veral aan Marshall te danke wees dat die Chinese kommunistiese regering en die sentrale Chinese regering tot 'n vreedsame vergelyk gekom het.

Met hierdie vergelyk is die

## Buitelandse Oorsig

Russiese faktor in die Verre Ooste egter nog geensins uitgeskakel nie. Nie alleen is Rusland nog altyd 'n buurland van China nie en het hy aan die Stille Oseaan belangrike gebiede teruggewen wat hy veertig jaar gelede in die Russies-Japanse oorlog verloor het, maar die Russiese leër sou Mansjoerye, die ryk Chinese provinsie wat onder Japanse leiding 'n hoë industriële ontwikkeling deurgemaak het, eenvoudig leeg geroof en geplunder het. Die Russe sou letterlik alle masjinerie, voertuie en ammunisie uit hierdie industriegebied verwyder het. Amerikaanse nuuskorrespondente wat na veel moeite in die Russies-besette dele van China toegelaat is, het slegte ervarings met die Russiese militêre owerhede opgedoen. Die Rus het nie daarin geslaag om hom by sy Amerikaanse buurman in die Verre Ooste gewild te maak nie. Op die oomblik bestaan daar egter geen twyfel nie dat die V.S.A. nie alleen as oorwinnaar van Japan die hoogste woord in die Verre Ooste voer nie, maar dat hy in China die eerste ronde teen die Russiese bondgenoot gewen het.

**DIE CHINESE GEE DEURSLAG**

Hiermee het die stryd tussen die Amerikaanse en Russiese imperialismes in hierdie deel van die wêreld nie 'n einde gekry nie maar slegs 'n aanvang geneem. Afgesien van moontlike binnelandse ontwikkelings en verwikkelings in die V.S.A. en die Sowjet-Unie self, sal die lotgevalle van die Verre Ooste grotendeels deur die toekomstige China bepaal word. As die V.S.A. sy huidige voorsprong in China kan handhaaf, **die Chinese uit die moeras van hul langdurige oorloë kan ophef en beter as Britte en Nederlanders die Oosterlinge kan oortuig dat sy teenwoordigheid in die Ooste alleen die gevolg van selflose belangstelling in Oosterse sake is, dan sal hy nie vir die Russiese imperialisme in hierdie dele hoef te vrees nie. As die V.S.A. egter nie hierin slaag nie, die wekroep: Asië vir die Asiaat op vertwyfelde Chinese sy uitwerking het en die Asiaat in die kommunistiese leer van 'n mede-Asiaat sy enigste redding uit ellende en Westerse uitbuiting sien, dan sal ook die magsposisie van die Amerikaners in China en die Verre Ooste sy einde nader.**

Vir ons in 'n Suid-Afrika wat aan die Indiese Oseaan grens, wat in die verlede deur Hollanders en Britte as 'n voorpos van die Ooste gebruik is en wat aan eie lyf reeds met die Ooste kennisgemaak het en nog kennismaak, sal dit pas om op die gevaartekens van die Ooste te let.

VRYSTATERS AANDAG!!

STUUR BESTELLINGS VIR ALLE DRUKWERK NA

U Eie Drukkery

Transoranje-Drukpers (Edms.) Bpk.

POSBUS 73 — BETHLEHEM

## SOOS ONS LESERS DIT SIEN

# Die Koning Kom Kuier

Mnr. Johan Schoeman, Gordonsbaai, skryf:

Ander Afrikaanse blaaie weier publikasie van briewe soos hieronder. Maar dis nie onverklaarbaar nie. Ons lewe in die tyd van verfynde slawerny. Tussen die party-stelsel en sy wit slavin, die party-pers, het die demokrasie 'n klug geword. Vandaar die verlies van belangstelling in publieke aangeleenthede en die noodsaaklikheid van diktators. Om vol te hou dat die partystelsel die hoogtepunt van menslike vernuf is, is om ons oë te sluit vir die verwoesting wat die stelsel veroorsaak het, en uiteraard moet veroorsaak, en is om soos 'n esel met oogklappe (party-oogklappe) voorbeelde van 'n veel beter stelsel verby te sien — voorbeelde soos die ou republikeinse stelsel wat in swang was in die Boererepublieke. Of voorbeelde van suksesvolle sake-ondernemings, waarvan ons honderde om ons het. **Ons het selfs 'n voorbeeld in die gevalle, waar nou en dan 'n party in die parlement verklaar, dat 'n sekere stemming nie op party-lyne sal geskied nie. Waarom die uitsondering nie reël gemaak nie?**

WOORDE

Tersake! Dis dié stelsel wat die oorsaak is van die wêreldwye verwordingsproses wat ons aanskou soos 'n naderende orkaan, en wat ons party-regerings met woorde en nog meer woorde die hoof wil bied. Van 'n beroep op die volkere se gesonde verstand en gewetes is geen sprake en geen hoop nie. As dit moontlik was, sou daardie sataniese vrede op Duitsland in 1919 afgedwing gewees het? Sou die hongerblokkade, wat 'n miljoen Duitse vroue en kinders vermoor het, doelbewus vermoor het, sou dit kon plaasgevind het? Sou die loslaat van Afrika se swartes op die vroue en meisies van die Ryn moontlik gewees het? Sou die tweede wêreldoorlog, wat **Smuts gesê het sou en moes** volg as resultaat van die onding, die Verdrag van Versailles, sou die gevolg het as die volkere, en veral die Christelike volke, toegelaat was om hulle gewetes te raadpleeg in die lig van die historiese feite? Sou die Duitse volk nie ten minste dieselfde reg op uitbreiding gegee gewees het as die änder volke nie? Sou die aandeel, totaal uit verhouding, wat Engeland van die aardbol besit, en wat hy nie kan nuttig ontgin vir die volgende tien eeue — sou die volkere se gewete nie 'n soort herverdeling van die miljoenêr-nasie se buit geëis het nie? Ten slotte, sou die volkere die teenwoordige verkragting van die reg en etiek in die Neurenbergse tragedie toegelaat het; of sou hulle hulle party-regerings laat toesien het hoe die magtige Britse Ryk die Boererepublieke doelbewus en stelselmatig uitroei en uitdelg deur metodes net so laag en sadisties as dié wat vandag toegepas word — en veel erger, want waar vandag aan alkante „militêre noodsaaklikheid" as voorwendsel kan gebruik word, was daar in die eerste geval nie die allerminste rede voor nie.

HUIGELARY

Met ander woorde: **die mens se intellek sowel as sy gewete, hoe beskaaf of Christelik ookal, is deur die party-stelsel buite aksie gestel.** Presies dieselfde proses het die Jameson-verraad, en die logiese konsekwensie van die verraad — die uitdelging van die Boere-nasie — moontlik gemaak. En . . . presies dieselfde proses het die verkragting en verknegting van die laaste halwe eeu van die Afrikanerdom s.g. praktiese politek gemaak. En . . . presies dieselfde gewete- en sieldodende party-pes sal dit moontlik maak vir die simbool van Afrikaner-smart en Afrikaner-knegskap, die Koning van Engeland, om Suid-Afrika te besoek en deur Suid-Afrika „verwelkom" te word. Mede-Afrikaners! of u Engels- of Afikaanssprekend is, ons skuldelas voor die Geskiedenis en voor God is tog waaragtig groot genoeg om daar nie nog die gemeenste huigelary by te voeg nie! En dit sou die vuilste geveindsheid wees in die lig van ons geskiedenis as ons die Engelse Koning VERWELKOM — 'n geskiedenis van anderhalwe eeu van die bitterste onreg, die duurste dwinglandy en die mees stelselmatige verbreking van konvensies, wat sy klimaks bereik het in die foltering en uitdelging van tienduisende Afrikanervroue en kinders in die konsentrasiekampe en sy anti-klimaks in die vervalste soorte van vryheid wat ons sedert die tyd deur die slaafse partystelsel en sy pers afgesmeer is.

## Mnr. Klopper se Toespraak

Na aanleiding van 'n verslag in Die O.B. van 20 Februarie van 'n toespraak van mnr. H. J. Klopper, L.V., voor die Calvinistiese Bond in Kaapstad, skryf mnr. Klopper onder datum 16 April dat die opskrif: „Gees van Parlement bedorwe" en „Beroep op Christene om te Help" 'n verkeerde voorstelling gee van wat hy gesê het. Hy verklaar dat hy sy toespraak voor die Calvinistiese Bond gelewer het, wat hy as 'n binnekring van mede-Christene beskou het en dit was nie bedoel vir aanwending vir politieke doeleindes nie. Hy het verwys na die bedorwe gees wat in die wêreld voortwoeker, aldus mnr. Klopper, en gesê dat daardie gees ook in die Volksraad aangetref word, en sy vraag was wat ons Calviniste doen om dit in daardie opsig die hoof te bied. Hy het 'n beroep op die Kaapstadse Calviniste gedoen om kontak met lede van die Volksraad van alle partye en ook met amptenare te maak tydens die sittings om daardeur die bande van Christelike broederskap nouer te haal. Dit moet onthou word dat die wêreld baie afleiding aanbied en al die nodige geleenthede daartoe skep.

Mnr. Klopper verklaar dat indien dit die doel van die berig was om „die huidige stelsel van volksregering" in diskrediet te bring, dit te betreure is, aangesien hy die toespraak in alle goeie trou voor 'n binnekring van mede-Christene gehou het.

(Die verslag waarna mnr. Klopper verwys, het slegs uittreksels bevat van treffende feite wat hy geopenbaar het, en was nie bedoel as 'n relaas van sy hele toespraak nie. Waar die gekonsentreerde lig op hierdie feite oorsaak was dat die spreker blykbaar in warm water by sy parlementêre kollegas beland het, spyt dit ons vir die ongerief wat dit hom veroorsaak het. Ons het egter gemeen dat waarhede wat in binnekringe geld, ook daarbuite gesê kan word.—Red.)

## Die Kruithoring Weerlê

Na aanleiding van 'n berig in Die Kruithoring, amptelike strydblad van die H.N.P., as sou die generaal van Waterberg bedank het „omdat hy voel dat die O.B. uitgedien is en niks konstruktiefs aan die volk kan aanbied nie" — aldus die woorde van die blad — skryf genl. H. L. Neethling:

Volgens die jongste uitgawe van Die Kruithoring het ek as generaal van die O.B. bedank omdat ek voel dat die O.B. uitgedien is.

Ek is glad nie van plan om 'n twisgeskryf oor hierdie moedswillige(?) onjuistheid aan te knoop nie. Maar ek wil net sê dat ek nog nooit „gehensop" het nie. Ek het my land gedien in die oorlog van 1899—1902 tot die einde toe. Ek is ook nou weer van plan om te dien tot die einde toe, en ek is nie van mening dat dit die einde van die O.B.-stryd sal wees wanneer die O.B. sou kapituleer by die H.N.P. nie. Ek weet dat die voortbestaan van die Afrikaner-nasie nie te danke is aan die „National Scouts" van die Anglo-Boereoorlog nie, ook nie aan hul opvolgers die renegate nie. Hoewel ek bewus is van die feit dat die paradys van die renegate onder die vlerke van die veroweraar is, is ek nie van plan om by Sy Majesteit se regering òf Sy Majesteit se opposisie aan te sluit nie.

## Kopersbond se Planne Vir Uitbreiding

Op 'n onthaal wat deur Kopersbond Beperk in Kaapstad gereël is, het dr. F. J. Kritzinger, voorsitter van die direksie, die groei en beleid van die onderneming uiteengesit.

Vanaf sy oprigting het Kopersbond hom veral toegelê op groothandel en hy beheer vandag bates ter waarde van £2,700,000. Dit is geen spekulatiewe onderneming nie, maar daar word 'n konserwatiewe beleid gevolg om te verseker dat daar geleentheid geskep word vir veilige en winsgewende beleggings.

'n Groot deel van die kapitaal is belê in die meubelbedryf en in finansiële instellings soos Spoorbondkas.

Agentskappe wat uitstekende moontlikhede vir die toekoms bied is verkry, o.a. vir motors. Van hierdie ontwikkelings word veel verwag.

Met verwysing na die „wolhaarstories" wat oor Kopersbond versprei is, het dr. Kritzinger gesê dat dit so kinderagtig is dat hy nie daarop wil ingaan nie. Dit het alte dikwels hulle oorsprong in jaloesie en naywer.

**Kopersbond sal in die toekoms besondere aandag bestee aan die naturellehandel omdat dit groot moontlikhede bied. Die naturel verteenwoordig £33,000,000 van die land se koopkrag.**


Baron Bär het hom aangesluit by wat dr. Kritzinger gesê het en gekonstateer dat hy volle vertroue in Kopersbond het.

Dr. Scheepers Strydom het dr. Kritzinger bedank vir sy toespraak.


NOEM DIE O.B. BY DIE ADVERTEERDERS

R. W. van Ryn

BRILMAKER



Bring u oogarts se voorskrifte na my, en doen u keuse uit my groot verskeidenheid moderne brilrame, asook raamlose modelle.

ONTHOU! 5de Verdieping, Groote Kerkgebou, Kaapstad.

ELKE MAN

VERLANG 'N PAK KLERE WAARIN HY TUIS VOEL

Alleen sulke Pakke word verskaf deur

VAN ZYLS

MANSUITRUSTERS

MONSTERS EN MAATVORMS OP AANVRAAG

HOOFWEG — PAARL

DIE MOTORHANDEL

BIED

ONTSAGLIKE MOONTLIKHEDE

President Motors Bpk.

BIED AAN TEEN PARI:

(1) Vir veilige belegging met gewaarborgde diwidend: 5% AKKUMULATIEWE PREFERENTE AANDELE VAN £1-0-0 ELK.

(2) Vir moontlike kapitaal-appresiasie: GEWONE AANDELE VAN 5/- ELK.

Sodra £100,000 volgeskryf is, sal die direksie applikasie maak vir kwotasie van beide soorte aandele op die beurs.

ONDERSKRYF DEUR NASIONALE UNITS BPK., JOHANNESBURG, VIR 40,000 GEWONE AANDELE

Takbesighede te Bloemhof en Schweizer-Reneke, Tvl.

Direksie: Phil. J. Botma, Ben J. Pienaar en D. F. du Toit.

Ouditeure: Ryk Nagel van Meyer Nel en Kie.

Skryf nou aan:

DIE SEKRETARIS, Posbus 7638, Johannesburg.

ONS SAAK SKEP VERTROUE

VIR VEILINGS EN EIENDOM-VERKOPINGS

Van Riebeeck Trust Mpy. Bpk.

SECURITY-GEBOU — KAAPSTAD

Takkantore: Bellville, Strand en Wynberg.

KENNIS IS MAG

Reik na geleerdheid en mag met minimum moeite en koste deur middel van die MODERNSTE en EENVOUDIGSTE tuisstudiekursusse van die

LYCEUM KOLLEGE

Wil u 'n Wetsgeleerde word? Of 'n Bestuurder, Sekretaris, Rekenmeester, Joernalis, Naturelle-Administrateur, Snelskrywer(ster), Tikker(ster) of Gewone Sakeman?

BEVEILIG U BESTAAN DEUR

GELEERDHEID

Begin vanwaar u die skool verlaat het. Ons lei ons studente op vanaf Std. VI.

(Knip hierdie advertensie uit en pos dit dadelik.

Naam ..............................

Adres ..............................

Kwalifikasies (Standerd geslaag) ..............................

Kursus waarin u belangstel ..............................

(Std. VI, VII, VIII, X, N.S.S., Matriek, Wetseksamens, Naturellewet en -Administrasie, Boekhou, Sekretariskursusse, Ken u Motorkar, Landbou, Bantoetale, Taalbond, ens.)

LYCEUM KOLLEGE — POSBUS 5482 — JOHANNESBURG

DIE Boere Jeug

AMPTELIKE ORGAAN

Byvoegsel tot Die O.B. van Woensdag, 8 Mei 1946.

# TOETS U KENNIS

## WEDSTRYD VIR DIE JEUG

**Het u dit al probeer? Nog nie? Nouja, hier's u kans in die volgende Boerejeugkompetisie.**

**In die eerskomende vier uitgawes van „Die Boerejeug" sal elke keer 10 vragies oor een of ander breë gebied verskyn waarvan die eerste hierby is: TOETS U VOLKSKENNIS. Vir die persoon wat die hoogste persentasie in al vyf afdelings gesamentlik behaal het, sal Boerejeughoofkwartier 'n boekprys skenk, mits die persentasie nie onder 75% is nie!**

Voorwaardes vir deelname:

1. Alle Boerejeuglede en offisiere mag kompeteer.

2. Elke week se antwoorde moet Boerejeughoofkwartier binne 15 dae na die verskyning daarvan bereik. Die sluitingsdatum vir elkeen sal onderaan gemeld word. In die uitgawes daarop sal die antwoorde verskyn.

3. Al vyf reekse antwoorde wat u gaandeweg sal opstuur, moet u naam, ouderdom, volledige posadres en kodenommer met Boerejeugrang (indien enige) bevat.

4. By die toekenning van die prys sal spesiaal op die ouderdom, netheid en die manier waarop die vrae beantwoord is, gelet word.

5. Al vyf afdelings moet beantwoord word.

6. Rig alle antwoorde aan: Toets u kennis, Boerejeughoofkwartier, Meyergebou 9, Kerkstraat, Potchefstroom.

Wie soek sal vind, lui dit. Daarom word aan u tyd gegee om antwoorde uit te vind en doen u miskien in een afdeling swak, onthou, die volgende uitgawes bring 'n volgende verrassing. U het altyd kans om daarin op te maak.

Aan die einde van die kompetisie sal nie net die eerste drie wenners se name gepubliseer word nie, maar ook die veldkornetskap wat die meeste inskrywings opgestuur het.

Daar sal ook persentasiegewys aangedui word op watter gebied die Boerejeug die beste presteer het sodat ons 'n taamlike begrip van die algemene kennis van ons jeug sal kry.

'n Laaste wenk — lees die koerante voortaan gereeld as u die leë plekkie op u boekrak met hierdie kompetisie wil vul.

### VERJAARDAGKETTING

Lede wat na 1 Junie 1946 verjaar en hulle nog nie weer laat herregistreer het nie, moet dit asb. onmiddellik doen. Lidmaatskap moet nou jaarliks hernu word, maar julle kan sommer vir 'n paar jaar vooruit betaal.

**Stuur dus jul naam, volle geboortedatum en volledige posadres aan Boerejeughoofkwartier, Meyergebou 9, Kerkstraat, Potchefstroom.**

# DISSIPLINE

**Gehoorsaamheid aan die bevele van u hoër offisier is een van die kerns van dissipline. Ja, selfs 'n gewisse dood kon die soldate in meegaande artikel nie dwing om die bevele van hul hoër offisiere te verontagsaam nie.**

Ken u die verhaal van die Skot in die slag van Magersfontein? Na twee vrugtelose stormlope van sy bataljon op die Boerestellings het slegs nog 'n klein klompie van die Skotse bataljon oorgebly. Die Bevelvoerende Offisier beveel egter weer 'n stormloop waarin al die Skot se makkers doodgeskiet word. Net hy alleen het oorgebly. Daar was geen offisier meer om hom te beveel om om te draai nie; die laaste bevel was „Storm!" en soos dit 'n goeie soldaat betaam, het hy **weereens die Boerestellings alleen stormgeloop en 'n vuurdood gesterf! Eens was hy ons vyand, maar ons haal ons hoed vir hom af. In murg en been was hy 'n soldaat.**

### STAD BEGRAWE

Baie, baie jare gelede het 'n geweldige uitbarsting van die vuurspuende berg, Vesuvius, die stad Pompeii totaal met 'n laag warm gesmelte klip, lawa, bedek. 'n Aantal jare gelede het wetenskaplikes weer die ou stad oopgegrawe en het o.a. die volgende gevind: Voor by die ingang van 'n gebou het hulle die verkoolde lyke van twee Romeinse wagte in 'n staande houding aangetref.

Hulle het oënskynlik die bevel ontvang om daar op wag te staan en toe die lawa en warm as die stad oorstroom, het nie een van hul offisiere daaraan gedink om die twee wagte die reg te gee om hul pos te verlaat nie. Trou op hul pos het hul bly staan totdat die lawa hul verkool het.

**Saam met Pompeii het die glorie van sy vername manne gesterf, maar die pligsgetrouheid van twee onbekende wagte het die eeue deur behoue gebly, want waaragtige grootheid is onsterflik.**

## Spioene Vang 'n Slang

Op die verjaardag van twee Boeredogters het die Boerejeug onder bevel van vldkte. G. van Niekerk veld-toe gegaan. Toe hul op die bestemde plek aankom, gee die veldkornette bevel dat hulle eers 200 tree in die omtrek moes gaan spioen. Een van die kleintjies het gou gevra: „Tannie, hoe ver is dit?" Sy het hulle gewys tot waar hulle moes gaan.

Weer het een gevra: „Wat moet ons gaan soek?"


„Kyk, in ons geval vandag, moet julle kyk vir gate waarin slange lê of jakkalse, muishonde, skilpaaie ens. wat hier ronddwaal."

Sy het dit skaars gesê of die span het daarheen gesnel. Hulle was nouliks weg of een het met 'n vreeslike stem geskree: „'n Slang! 'n Slang!!" Met die gevolg dat klippe op die slang gereën het. Die veldkornette en haar ander manskappe het ook daarheen gesnel. Toe sy daar kom, sien sy tot haar grootste verbasing hoe dapper haar jeug is. Die voorlyf van die slang was alreeds in die gat, terwyl een van die agtjarige seuntjies hom aan die stert beet het en die ander een met 'n klip besig was om die stuk op die gat af te kap. Die gevolg was dat die slang half en lewendig begrawe is.

Nou moes hulle wegkruipertjie speel. Die een wat sy maters die gouste kon kry, was die beste spioen.

Daarna het hulle heerlike koek, bier, lemoene en biltong genuttig en is die doel van die Boerejeug behandel. Weer het die spel begin waarna almal terug huis-toe is.

Die aand wou die een die stories beter as die ander vertel. Die volgende dag was almal hard besig met pyl en boog maak vir die volgende uitkampery. Dus kan die muishonde en slange nou hul teëloop in die toekoms verwag.



**Asst.-Jeugveldkt. J. Taljaard en Asst.-Jeugveldkte. K. Botha in hul Boerejeugdrag.**

## Die Boerejeug In Beeld

Hier is 'n dringende oproep vir al ons kunstenaars en aspirant kunstenaars! „Die Boerejeug in Beeld" soek 'n buiteblad. Ja, so begerig is hy om die mooiste buiteblad moontlik te bekom dat hy ons gevra het om spesiaal 'n wedstryd daarvoor uit te skryf.

Tot die einde van die jaar gee hy julle tyd om 'n buiteblad te ontwerp, hetsy in swart en wit, kleure of 'n baie oulike kiekie. In die loop van die jaar kan julle dit saam met jul ander bydraes vir die brosjure stuur, maar meld asb. duidelik agterop watter stukke vir die buiteblad-kompetisie ingeskryf word.

## TOETS U VOLKSKENNIS

1. Wie het die woorde en musiek van ons Volkslied geskryf?
2. By wie het die idee van die simboliese Ossewatrek van 1938 ontstaan?
3. Wie was die vader van die Reddingsdaadbond?
4. Wie is die huidige leier daarvan?
5. Wie het die Vrouemonument te Bloemfontein ontwerp?
6. Ter ere van wie is dit opgerig?
7. Watter drie volksmanne lê daar begrawe?
8. Wat verpersoonlik elkeen?
9. Wat was die naam van die skip wat President Kruger na Holland geneem het?
10. Deur wie is dit gestuur?

(Antwoorde moet Boerejeughoofkwartier voor 23 Mei bereik.)

# Bellville se Staptoer

Om half-nege die oggend van 19 April het 'n klompie geesdriftige Boerejeug-seuns en -dogters weggespring van Bellville af vir 'n staptoer wat sou gaan na Stellenbosch, vandaar oor Helshoogte na Paarl en weer terug — altesaam 'n afstand van ongeveer 65 myl. Hoewel die vrag wat vervoer moes word swaar was, kon niks die geesdrif demp nie. **Die komberse, water en kosware is op 'n handkarretjie gepak wat beurtelings getrek is.**

Vrydagaand is 'n hartlike ontvangs ons gegee deur die Boerejeug van Stellenbosch. By die geleentheid is vleis en wors gebraai in die agterplaas van oudregter C. L. Botha terwyl 'n egte kampvuur-stemming geheers het. Liedere is gesing en speletjies wat by so 'n geleentheid pas, is gespeel.

### VERSTERKING

Saterdagmôre is die skof voortgesit na Paarl. Ons geledere was aansienlik versterk deur agt seuns en dogters van Stellenbosch wat sou saamstap tot op Paarl en vandaar met die trein sou terugkeer. Reëlings is deur jeugkommandant Hofmeyr getref en Saterdagaand is die span per vragmotor na die Franschhoek-laertrek om die aandete te nuttig. 'n Hartlike ontvangs het ons hier gewag en nadat die Adjunk-K.G. ons bemoedig het en 'n gesellige aand by die kampvuur deurgebring is, is ons terug om die moeë ledemate hulle welverdiende rus te laat geniet.

Sondagmôre vroeg is ons na die plaas van kommandant De Villiers om die dag daar rustig te gaan deurbring.

### TERUG

Die volgende dag, die laaste skof, is met hernude kragte begin en om 4.20 n.m. was ons weer by die wegspringplek op Bellville.

Hierdie staptoer was gekenmerk deur die goeie gees wat daar geheers het en het baie bygedra om die bande van kameraadskap nog hegter te bind. Kenmerkend was ook dat, hoewel somtyds afgemat, die aanbiedings van gewillige motoriste om ons op te laai altyd van die hand gewys is en dat deur volharding, almal die einddoel bereik het.

Ons innige dank aan die onderskeie kommando's en by name kommandante Hofmeyr van Paarl, veldkornette Van der Merwe en asst.-veldkornette Botha van Stellenbosch. (Ingestuur).

**SÊ ASB. DAT U DIE ADVERTENSIE IN DIE O.B. GESIEN HET**

## Die Vlytige Boeredogter sê: —

„As Ouboet vanmiddag tuiskom en per abuis met 'n ghriesbesmeerde skoen op moeder se tapyt trap of Kleinsus 'n stukkie gebotterde brood daarop laat val het, absorbeer ek onmiddellik soveel vet met kladpapier as moontlik. Om die laaste bietjie vet op te trek, stryk ek met 'n warm yster op die kladpapier oor die kol en ten laaste veeg ek die kol af met terpentyn.

Mors ekself 'n bietjie ink daarop, absorbeer ek weer soveel ink moontlik met kladpapier, gooi dan melk op die kol en vryf dit met 'n stukkie skoon flennie uit.

As Ousus se kuiergas egter soveel gebewe het dat hy koffie of tee op die mat gemors het, sal ek haar aanraai om die kol met warm water waarin 'n bietjie boraks opgelos is, uit te was."

**G. A. FICHARDT, Bpk**
(Lid Afrikaanse Handelsinstituut
MASJINERIE, YSTERWARE, PRODUKTEHANDELAARS
Foon 700 Opgerig 1848
BLOEMFONTEIN

**W. Voigt (Edms.) Bpk.**
Fabrikante van
Kelder- en
Besproeiingsmasjinerie
Bus 10 — HUGENOOT, K.P.

**A.V.B.O.B**
Lykbesorgers, Grafsteenmakers. Begrafnisversekeraars
Bloemfontein — Pretoria
130 Takke

**PLUIMVEE**
Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:
C. M. ELOFF EN KIE.
(Edms.) Beperk
MÔREMARK (Posbus 7195) Kaapstad

*Vir Deftige Tabberds Twee-stuk Rokke en Somerhoede*
Kom seker eers na
Steyns
DIE DAMES-WINKEL
PAROW

**MARKAGENTSKAP VROEE MORE-MARK**
KAAPSTAD
Betaling geskied onmiddellik, weekliks, maandeliks of soos verlang
Beste heersende pryse
MINNAAR EN VAN SCHOOR
Eienaar: GUSTAV RETIEF

# Opvoering Laat Vir S.A. Sowjet-Vriende Nog 'n Jaar Wag

**Die besoek van kommunistiesgesindes in die Unie aan Rusland, wat vanjaar sou plaasvind, is volgens die voorsitster van die Vriende van die Sowjet, uitgestel tot volgende jaar omdat die Russiese internasionale toeristeburo nog nie fungeer nadat dit tydens die oorlog gesluit is nie.**

Die taak van hierdie toeristeburo in die verlede was om buitelandse geselskappe deur middel van grootskaalse toneelspel onder die indruk te bring dat Rusland 'n werkersparadys is. **Volgens die beskrywing van 'n Amerikaner, Andrew Smith, wat hom hierdeur laat mislei het om na Rusland te verhuis, waar hy toe uitgevind het hoe hy bedrieg was, bestaan die misleiding daarin dat fabriekswerkers wanneer hul fabriek deur buitelandse geselskappe besoek word, vir die dag verlof kry. Hul plekke word dan ingeneem deur lede van die Kommunistiese Party wat natuurlik oorloop van lof vir die bewind en die middag aansit aan 'n heerlike eetmaal wat veronderstel is die daaglikse maaltyd vir alle werkers te wees!**

Die toeristeburo neem die besoekers dan ook na skole wat spesiaal vir die doel opgerig is waarin hulle die wonderlikste onderwys kan aanskou. Onder die indruk dat alles wat hulle gesien het die vrugte van die bolsjewisme is en vir die hele land beskikbaar is, gaan hierdie besoekers dan terug na hul onderskeie lande as vurige voorstanders van die kommunisme.

**Die rede waarom hierdie buro nog nie weer in werking is nie, mag miskien lê in die vrees dat 'n buitelander dalk navraag kan doen na die rede waarom Russiese soldate vir die eerste keer horlosies en vulpenne gesien het toe hulle Duitsland binnegeval het, en waarom hierdie soldate 'n horlosie weggooi as hy afgeloop is in plaas van dit weer op te wen, en waarom hierdie soldate skoene met blink leer op die swartmark koop vir ornamente teen hulle mure in plaas van dit aan hul kaalvoete te trek.**

In die drukte van die oorlog buite die Russiese grense was daar nie altyd geleentheid vir toneelspel nie! Dit weet die toeriste-buro van Sowjet-Rusland, en daarom moet hy sy Suid-Afrikaanse vriende teleurstel.

## Nou Oostenryk

Aangespoor deur die suksesvolle samesmelting van die Kommunistiese en Sosiaal-Demokratiese Partye in Duitsland, poog die kommuniste tans om dieselfde samesmelting in Oostenryk te bewerkstellig. Hierdie aanbod is deur die kommuniste aan dr. Karl Renner, president van die Oostenrykse Sosiaal-Demokratiese Party, gemaak. Hy het dit egter namens die party van die hand gewys.

# Rhodesië Siek aan Partystelsel
## Toestand Waarop Kommuniste Wag


Rhodesië het voorverlede week verkiesing gehou. Die uitslag was dat die regeringsparty (ook met die naam Verenigde Party, hoewel daar drie opposisiepartye is), die meerderheid behaal het met een setel. Hy het dertien setels verower teenoor sewentien van die ander drie, en kan dus alleen regeer indien een van die ander partye hom ondersteun. Die partypolitieke pers noem dit 'n onmoontlike posisie. 'n Nuwe verkiesing kan miskien 'n oplossing bring, maar dit word betwyfel of dit die uitslag anders sal laat uitval.

**In werklikheid beteken dit dus dat Rhodesië se regering nie kan regeer nie.**

Die partystelsel vereis 'n regering- en opposisieparty wat teen mekaar veg in plaas van saam te werk. **Dit beteken hoe sterker die opposisie, hoe swakker die regering. In hierdie geval het die opposisie te sterk geword om 'n regering moontlik te maak, maar nog te swak gebly om self te regeer.**

Dit is hierdie toestand in parlementêre lande waarop die kommuniste, volgens advies van Lenin, wag om toe te slaan. Sy **advies aan hulle was naamlik om die staat met geweld oor te neem die oomblik as die demokratiese partye magteloos oorhoops lê.**

Gaan ons in Suid-Afrika, waar die kommunisme al honderdduisende aanhangers het, wag tot so 'n toestand intree, of gaan ons betyds 'n volksregering daarstel waarin die volk saamwerk in plaas van teen mekaar te veg in verbrokkelde partytjies?



'n Gesig op die reuse-skare. Die vader van dr. Van Rensburg kan in die middel van die voorste ry opgemerk word.

## Weeskinders Moet Brits Wees

**Die aansoek om verlof om 10,000 weeskinders uit die geteisterde gebied van Duitsland na Suid-Afrika te bring, is deur die regering van die hand gewys. Hierdie verklaring is gedoen deur die Minister van Volkswelsyn.**

Die regering het onlangs meegedeel dat daar planne in werking gestel word om Britse kinders en kinders van Europese lande wat onder Geallieerde beheer staan na Suid-Afrika te immigreer. By George word juis 'n groot kamp vir die doel opgerig.

Die weiering van die regering om Duitse kinders in Suid-Afrika toe te laat, bring mens tot die gevolgtrekking dat die regering hom onlangs per abuis verkeerd uitgelaat het toe hy van die kinders van Europa gepraat het. Sy verklaring het blykbaar net betrekking gehad op Britse kinders.

## Brood Op Funksies

**Die opeenstapeling van die regering se noodregulasies in verband met die voedselposisie het 'n berig in Die O.B. van 1 Mei verouderd gemaak op dieselfde dag dat dit verskyn het. Daar is verklaar dat mense op funksies brood kan verkoop en dit op dieselfde plek eet voor vier-uur.**

**Die nuwe regulasies verbied die bediening van brood of enige ander koringgebak aan 'n byeenkoms van meer as tien mense ongeag die tyd.**

# V.S.A. Kry Berou Oor „Demokratiese" Ywer
## Anti-„fascisme" Berei Weg Vir Kommunisme

**Nadat Amerika hom deur sy blinde haat vir die „nasionaal-sosialisme" laat beweeg het om 'n kwaai veldtog teen Argentinië te voer, sit hy in die moeilike posisie dat Rusland nou na Argentinië begin vry in 'n poging om Amerika vanuit daardie punt te stronkboor.**

So skerp was die Amerikaanse regering gekant teen die regering van kol. Perón omdat hy dan 'n „fascis" sou wees — daar was 'n tydstip, nie so lank gelede nie, toe almal „fasciste" was wat anti-kommunistiese simpatieë koester — dat daar selfs 'n amptelike witboek in Washington teen Perón uitgegee is toe laasgenoemde in 'n verkiesingstryd gewikkel was om die presidentskap. Perón is beskuldig dat hy met Duitsland saamgewerk het. Die groot verkiesingsoorwinning van Perón was vir die V.S.A. 'n liederlike neerlaag.

RUSSE SIT NADER

Binne 'n paar weke hierna het Rusland 'n handelsafvaardiging na Argentinië gestuur. **Amerika besef nou die bedreiging en, volgens kommunistiese blaaie, gaan Amerika nou ook vlerksleep by kol. Perón. Die eerste stap hiertoe was om George Messersmith aan te stel as gesant in Argentinië. Hy is bekend vir sy anti-kommunistiese gesindheid en pleidooie vir samewerking met Argentinië in die verlede.**


**Die demokrate sal nog meer en meer ondervind dat hul stryd teen die sogenaamde „fasciste" tot hul eie ondergang lei. Dit geld vir die buiteland, maar ook vir ons eie land. 'n Stryd teen die nasionale vertakking van die sosialistiese beweging is 'n stryd vir die kommunisme.**

# „Demokratiese" Maatreël Teen Duitsers: Kafees En Sypaadjies Verbode

**Onderwyl die demokrasieë die Duitse leiers in Neurenberg verhoor omdat hulle teen die Jode gediskrimineer het, verlustig die Jewish Herald hom as volg oor wat in die „demokratiese" Tsjeggo-Slowakye gebeur:**

**„Dertig Duitsers is in hegtenis geneem in Karlsbad omdat hulle nagelaat het om geel armbande te dra as onderskeidingstekens, na die Tsjeggiese polisie aangekondig het.**

„Die Duitsers, wat die Jode voorheen gespot het wat probeer het om die geel Ster van Dawid, waarmee die Nazi's hulle gemerk het, weg te steek, probeer op enige manier om hul armbande, wat hulle nou moet dra, weg te steek of die aandag daarvan af te trek. **Duitsers is deur wetgewing verbied om eethuise en kafees binne te gaan en ontvang verminderde voedselrantsoene. Hul rantsoenkaartjies is gemerk „Deutsche". In sommige stede word hulle nie toegelaat om op die sypaadjies te loop nie."**


TOT U BESKIKKING . . .

Bostaande tekening toon aan die omvang van die takstelsel wat reeds deur VOLKSKAS opgebou is ten einde sover moontlik te voldoen aan die sterk aanvraag na die Bank se dienste wat steeds ondervind word.

Hierdie takstelsel, en die volledige bankdienste wat daardeur verstrek word, is tot u beskikking en u navrae sal die stipte, persoonlike en vertroulike aandag van ons takbestuurders geniet.

VOLKSKAS BEPERK

DEPOSITO'S OORSKRY £9,000,000

ARBEIDSAAMHEID

BANKIERS

HOOFKANTOOR PRETORIA